

WEEKLIKSE  
**PITKOS**




## INHOUD

Internasionale weer	2
Markoorsig	3
Afrika nuus hoogtepunte	4
Veldgent	5

# INTERNASIONALE WEER

- Die ondernormale reënval in Brasilië lei tot 'n dreinerig van grondvog – behalwe in die suidelike dele hierdie week – wat ongunstig is vir die ontwikkeling van die safrinha-oes en die oorblywende sojaboon-oes vertraag.
- Onlangse en voorspelde reënbuie in Argentinië is ietwat nuttig vir mielies en sojabone wat laat aangeplant is.
- Die VSA Delta en suidoostelike state sal gedurende die volgende tien dae reënbuie ervaar wat vog tydens lente-aanplanting bevoordeel. Bo-normale grondvog maak dit moeilik vir veldwerk in die oostelike mieliegordel.
- Die noordelike VSA-Vlakte sal kort periodes van sneeu en reën ervaar wat van 26 tot 28 Maart sal ontwikkel en wat bogrondvog in 'n paar westelike gebiede kan verbeter.
- Hierdie week het state wat gereed maak vir aanplanting in die mieliegordel geen verandering of verergering in toestande gesien nie. Ten spyte van voorspelde reën oor die Midde-Weste, waarvan baie nie plaasgevind het nie, ervaar state 'n tekort aan reënval. Sonder dié broodnodige neerslag sal grondvog onder nodige vlakke vir 'n ideale plantseisoen wees.





# MARKOORSIG

## Internasionaal

- **CBOT:** Mielietermynkontrakte was swakker tydens Dinsdag se verhandeling op die Chicago Raad van Handel (CBOT), as gevolg van winsneming na Maandag se styging, en het op \$7.51 per skepel gesluit. Verwagtinge van 'n langdurige konflik tussen Rusland en die Oekraïne het kommer oor wêreldwye graanvoorrade laat ontstaan en koringtermynkontrakte oornag opgestoot weens kommer oor Swart See-voorrade.
- **Die Oekraïne:** Die Oekraïense Landboubesigheidsklub het berig dat verskeie landboumaatskappye verskeppings van voermielies deur die westelike grense van die Oekraïne hervat het. Ongeveer 600 000 ton graan per maand kan op land uitgevoer word – verskeppings vanuit hawens is steeds beperk. Landvraguitvoer is tans op slegs 10 tot 15% uitvoerkapasiteit.
- **Spanje** het tegniese beperkings verslap om die invoer van mielies uit Argentinië en Brasilië toe te laat.
- Die sojaboon-oes in **die Brasiliaanse deelstaat Paraná** was 75% voltooi op 21 Maart.
- **China** het Sondag inwoners in die land se noordooste beveel om tuis te bly om die verspreiding van die koronavirus te beperk.

## Plaaslik

- Die Suid-Afrikaanse regering het Dinsdag bevestig dat **bek-en-klouseer** op 'n plaas naby Potchefstroom in die Noordwes uitgebreek het. Die plaas en ander omliggende plase is in kwarantyn geplaas, terwyl verdere waarnemings gedoen word om die omvang van die uitbraak te bepaal.
- Dele van die Oos-Kaap, Wes-Kaap en Noord-Kaap gaan gebuk onder uitbrekings van **sprinkaanswerms**. Dit blyk dat daar min gifreserwes oor is om die sprinkaanplaag te bestry – die laaste reserwes van die 600 000 liter gif wat in Desember afgelaai is, is nou amper uitgeput.
- **Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)** vergader vandag (Donderdag, 24 Maart) om rentekoers-verhogings te bepaal. 'n Verhoging van 25 basispunte (bps) tot 4.25% word verwag, maar dit is moontlik dat die sentrale bank tot 50 bps kan verhoog in die naloop van die skielike ontploffing in kommoditeite, spesifiek olie, sedert die begin van die Rusland/Oekraïne-oorlog. Die laaste keer wat die SARB vergader het, was in Januarie voor die inval begin het en dit met 25 bps gestyg het. Dit het koerse nou met 25 bps verhoog by elk van die laaste twee vergaderings.





# AFRIKA

## LANDBOUNUUS HOOGTEPUNTE

### **Nigerië: Die Dangote-kunsmisaanleg, Afrika se grootste korrelkunsmiskompleks gaan na die VSA, Indië en Brasilië begin uitvoer**

- Die Dangote-kunsmisaanleg, wat deur Afrika se rykste man, Aliko Dangote, besit word, is deur president Muhammadu Buhari in gebruik geneem as deel van 'n poging om voedselsekerheid en die land se kunsmisbehoefte 'n hupstoot te gee.
- Die kunsmisaanleg beslaan 500 hektaar en is gebou teen 'n koste van \$2,5 miljard. Dit is gestig om 3 miljoen metrieke ton ureumkunsmis per jaar te produseer in fase 1. Nigerië se geskatte kunsmisbehoefte is sowat 5 tot 7 miljoen metrieke ton per jaar en die huidige vlak van kunsmisverbruik in die land is 1,5 miljoen metrieke ton.
- Die Dangote-kunsmisaanleg is die tweede grootste ureumaanleg wêreldwyd.
- Nigerië het tans 47 kunsmisvermengingsaanlegte in die land. Met hierdie nuwe aanleg wat 3 miljoen ton produseer, sal die volume van invoere drasties verminder.




The Dangote Fertilizer plant in Nigeria



# VELDAGENT



Suikerbone, Noordwes



## KONTAK ONS

+27 (013) 243 1166  
[Info@randagri.co.za](mailto:Info@randagri.co.za)  
[www.randagri.co.za](http://www.randagri.co.za)

f in 

